LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

3 Desember 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Willem Botes

1STE WEEK IN ADVENT

Fokusteks uit Leesrooster: 1 Kor 1:3-9

RCL tekste: Ps 80:1-19; Jes 64:1-9; Mark 13:24-37

Deurkollekte: Uitreikfonds

DOOP: Jaco Joubert
Ouers: Ludolph & Helen

BELOFTELAND: 09:00 Afsluiting

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15
AFSLUITING

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 082 706 8642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12
Reeds afgesluit
Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Willem vir Boodskap

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers.
- Kankerbehandeling: Paul Louw
- Ons innige meegevoel met Wilmien & James Wallis met die heengaan van eggenoot en pappa Owen. Mag Jesus julle vertroos en toevou in Sy liefde in hierdie tyd.
- Veiligheid op paaie en vrede in harte
- Christa Olivier se suster (probleme met sig en ontvang bestraling)

FOKUSTEKS: 1 Kor 1:3-9

Op die begin van hierdie kerklike nuwejaarsdag steek ons die kers van HOOP aan. Dit onderstreep die geleentheid om nuut te begin, om die verhaal van God Drie-enig se betrokkenheid by die geskiedenis van voor af te hoor. In die komende weke sal die evangelie van Jesus Christus met blydskap opklink en gevier word in gemeentes reg rondom die aardbol. Ons word geroep tot eenheid, heiligheid, toewyding en diens met die gawes wat ons ontvang het, asook om in eenheid saam te leef en te aanbid. Soos die Korintiërs, skiet ons altyd tekort, soms minder en soms baie meer! Die voorlees van die brief in Korinte kon diep skaamte veroorsaak. Hulle hoor van die rykdom van God se genade wat alle gawes skenk, maar ook waar hul tekort skiet. Hierdie woorde kan ook dieselfde effek in ons lewens hê. Die detail kan verskil. Dalk sukkel ons met eensgesindheid of baie gemeentes worstel met "worship wars" waarin ons snedig na mekaar se musikale voorkeure verwys. Die Heilige Gees beweeg ons om die lof van God te besing, en dan gebruik ons die lofprysing om mekaar by te kom en verdeeldheid te saai. Advent fokus op die 1ste koms van Jesus na die aarde en tweedens skep dit hoop in ons vir Sy 2de koms. Terwyl ons gekonfronteer bly met ons eie sondigheid en gebrokenheid, leef die verlangende uitsien na die volmaakte herstel van alle dinge in ons harte.

Advent hou dit lewend. **Adventyd is bestekopname-tyd.** God het vir ons 'n nuwe identiteit en roeping gegee. Hoe vaar ons met die uitleef daarvan? Waarvan moet ons ons bekeer?

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om agter in die kerk 'n belofterol te neem. Dis gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

SENDINGWERK:

Ons sendelinge in Mosambiek keer binnekort terug vir hulle rusperiode. Baie dankie vir julle ondersteuning en gebede die afgelope jaar aan hulle.

Andre en Anna-Marie Thiart (Quionga)
Bid vir 'n veilige reis na Suid-Afrika en dat hulle die ruskansie sal geniet.

Niehan en Carmen Koekemoer (Mosambiek Geletterdheid Milange)
Hulle vlieg Maandag, 11 Desember vanaf Blantyre en keer dan permanent terug na Suid-Afrika. Bid vir 'n veilige vlug en ook vir nuwe uitdagings met hulle nuwe beroepe.

VOORSTEL: KERKRAAD
Karin Kuys - Kinderkerkbediening

Sanel Woodward sal nie volgende jaar kan aangaan met die bediening nie, dus sal Karen weer by haar oorneem.

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om vir Sanel te bedank vir al die getroue tyd, passie, liefde en opoffering die afgelope 4-en-'n-half jaar. Dankie ook aan die Kinderkerkspan wat deel is van hierdie baie belangrike bediening in Lourensrivier Gemeente.

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.
Vir meer inligting of navrae: Charlene @ 021 853 5991

INSIGGEWENDE INLIGTING BESKIKBAAR:

Bybel-Media dra die boodskap van die Bybel uit deur soveel as moontlik beskikbare media. Dit vervaardig produkte van hoë kwaliteit om gelowiges geestelik toe te rus en mense met die evangelie van Christus te bereik. Verder voorsien dit in die mediabehoeftes van die kerk.
Hier is 'n paar skakels om na te gaan kyk:
http://mema.bybelmedia.org.za/
http://mema.bybelmedia.org.za/kortfilms/

http://apps.bybelmedia.org.za/ (hierdie app bevat liedere van die Liedboek)
Die Liedboek van die Kerk sluit die liedere wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) en die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) gesing word, in.
Psalm 1-150; Liedboek-liedere 151-602; Belydenisskrifte; Liturgiese formuliere
Sleutelkenmerke: Luister na opnames van liedere; skep, stoor en stuur sanglyste; gevorderde soekfunksie met drie sleutelwoorde, verstelbare kleurskema en teksgrootte.

BERG 80 VERJ: DES '17 & JAN '18

LET WEL:
Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Erasmus	Rassie	12/04	82
Le Roux	Roelf	12/05	86
Jooste	Andre	12/07	87
Pienaar	Emmie	12/08	81
Strauss	Lorna	12/08	81
Dippenaar	Bobbie	12/10	87
Minnie	Louis	12/18	81
Le Roux	Noreen	12/19	88
Roux	David	12/19	82
Le Roux	Sannie	12/21	80
Van Deventer	Dillie	12/23	82
Du Toit	Wiesie	12/24	80
Van Den Heever	Christina	12/30	83
Bower	B	01/01	94
Nieuwoudt	Elbie	01/04	88
Goldie	Martie	01/09	86
Bester	Gerrit	01/11	81
Baard	Daneta	01/14	87
Botha	Miems	01/23	80
Esterhuyse	Pieter	01/24	81
Claassens	Marjorie	01/26	88
Dippenaar	Willem	01/30	82

Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Num 6:24-26

MAG DIE KOMENDE KERSTYD EN NUWE JAAR VIR JOU GESEëND WEES! MAG DIT VREDE, LIEFDE EN RUS BRING! MAG JESUS SE LIG DEUR ONS SKYN WAAR DAAR DONKERTE IS SODAT DIE WêRELD SY LIEFDE ERVAAR!